***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/24)***
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 30 Augustus 2024*

***"A conference is a gathering of important people who singly can do nothing, but together can decide that nothing can be done" Fred Allen***

## CRI NAVORSINGSIMPOSIUM

Verlede week het ek baie nuwe terme en nuwe inligting geleer; ek het byvoorbeeld geleer dat "oomycides" nie gifstowwe is om ou navorsers dood te maak nie, ek het geleer hoe om 'n valskodlingmot te druk om sy turgiditeit te bepaal, en ek het geleer waar om die drie spykers in die hoeke van 'n palet te slaan. Baie geluk aan al die aanbieders van die 77 referate, en die outeurs van die 45 plakkate. Dit was fassinerend om te hoor van al die werk wat deur wêreldklas navorsers gedoen word om te verseker dat Suider-Afrika se streek voortgaan om wêreldwyd in *citriculture* te lei. Daar was 'n opgewonde gehoor van 850 afgevaardigdes wat die simposium slimmer verlaat het as toe hulle daar aangekom het.

En dit was nie alles werk nie – die netwerk tye en die vermaak wat verskaf is, is deur almal geniet; Lloyd Cele (voormalige Idol-wenner) was uitstekend; wie sê navorsers kan nie dans nie!!!

Dankie aan al die borge wat dit vir CRI moontlik maak om so 'n wonderlike geleentheid aan te bied; en welgedaan aan die bestuur van die Champagne Sport-oord wat oënskynlik moeiteloos in die groot afvaardiging se behoeftes voorsien het.

Ten slotte, baie geluk aan Liezl van der Linde, Hannes Bester, MC Pretorius, Dawid Groenewald, Jan Landman, Wayne Mommsen, Coenraad Fraenkel, Andre Combrink, Natasha Bronkhurst en Rudolph Strydom van die Reëlingskomitee – julle kan voorwaar trots wees op 'n puik geleentheid.

## CGA *CITRUS SUMMIT* – 11-13 Maart 2025

Nou val die fokus op die CGA *Citrus Summit* wat by die Boardwalk Hotel en Konferensiesentrum in Gqeberha (Port Elizabeth) gehou sal word. Die reëlingskomitee is hard aan die werk om die uitstekende voorbeeld van die Navorsingsimposium na te volg.

Registrasies sal op Maandag, 2 September 2024 vir CGA-lede oopmaak, en op Dinsdag, 1 Oktober vir ander afgevaardigdes. Hou asseblief jou CGA-lidmaatskapnommer byderhand vir verifikasie. Om te registreer, besoek die *Summit*-webwerf by www.cgasummit.co.za. Die program sal gedeel word soos dit ontwikkel.

Ons is baie bly om Landbou-ekonoom Wandile Sihlobo as Seremoniemeester te hê – Wandile sal ons deur die verrigtinge lei.

Boonop sal die agbare Minister John Steenhuisen die *Summit* by die eerste sitting op 12 Maart 2025 open.

Weereens sal 'n voor-*Summit* toer aangebied word, wat afgevaardigdes op 10 en 11 Maart 2025 aan sitrusverwante terreine in die Oos-Kaap sal blootstel; die verwelkomingsfunksie vind die aand van 11 Maart plaas en die galadinee op 12 Maart.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 34<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 17.3 m | 13.5 m | 14 m | 13 m | 13.2 m | 16.8 m | 15 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 30.9 m | 36.2 m | 38.3 m | 31.3 m | 31.2 m | 43 m | 42 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 36.1 m | 35.6 m | 33.6 m | 34.7 m | 31.2 m | 37.9 m | 33.9 m | 35.6 m | 39 m |
| Nawels | 27.7 m | 24.7 m | 23.4 m | 22.3 m | 19.3 m | 25.7 m | **23.6 m** | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 37.1 m | 39 m | 32.4 m | 27.6 m | 20.9 m | 58.3 m | 49.6 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **149.1 m** | **149.0 m** | **141.7 m** | **128.9 m** | **115.8 m** | **181.7m** | **164.1 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |